***die dag op nuweland*** Jeanne Goosen

Sien pre-lees aktiwiteite op bladsy 44.

Lees die gedig op bladsy 44-45 en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Vrae

1. Wie is die "ons" in hierdie gedig? (Versreël 6) (1)
2. Watter twee spanne speel teenmekaar? (2)
3. Wat is die doel van die strofebou (inkeping en lengte van versreëls) (1)
4. Hoekom word die rugbyspelers met "gestreepte haaie" vergelyk? (Versreël 4) (2)
5. Hoekom beweeg die mense se kake "op en af"? (1)
   - 5.1 Hoekom brei die maer Swellendamse meisie al vinniger? (1)
   - 5.2 Watter effek het dit op die spreker? (1)
6. Wat gebeur as die mannetjies op die pawiljoen regop spring? (1)
7. Wat is die doel van die uitroeptekens in versreël 25? (1)
8. Hoe sal jy die woorde "toenemende venyn" (reël 27) verduidelik? (2)
9. Watter **woord** sê vir ons dat die spreker begin naar voel? (1)
10. Haal `n woord aan wat bewys dat daar van die mense is wat snaakse hoedjies dra. (1)
11. Hoe word die stukkende held gedra? (1)
12. Wat doen die Swellendamse meisie aan die einde van die wedstryd? (1)
13. Waarom, dink jy, word die stukkende held tot voor die spreker gedra? (1)
14. Dui die alliterasie aan in versreël 40. (1)
15. Verduidelik waarom hierdie gedig a 'n *satiriese gedig* beskou kan word. (2)

# ANTWOORDE

1. Die toeskouers. (1)
2. Boland en Vrystaat (2)
3. Dit versterk die inhoud van die gedig. [Sien verduideliking op bl.46-"Pitkos"] (1)
4. Die truie van die rugbyspelers het strepe op en hulle val gevaarlik aan soos haaie. (2)
   WP-rugbytruie het strepe (tuisspan)
5. Die mense eet senuweeagtig terwyl hulle die spel dophou. (1)
   5.1 Sy opgewondenheid van die mense laat haar vinniger brei. (1)
   5.2 Die spreker raak senuweeagtig en hy byt sy tong raak. (1)
6. Die planke ruk hulle weer terug. (1)
7. Haat teenoor mekaar neem toe in die spel teenoor opponent. (1)
8. Uitroep om die span aan te moedig. (1)
9. "mislikgroen" (1)
10. "potsierlike" (1)
11. Op sy spanmaats se skouers. (1)
12. Sy bêre haar breiwerk. (1)
13. Sodat die spreker die held kan sien wat seergekry het. (1)
14. "<u>**di**</u>e rugbyspelers <u>**d**</u>ra <u>**d**</u>ie stukken<u>**d**</u>e hel<u>**d**</u>" (1)
15. Die spreker dryf die spot met Suid-Afrikaanse rugby. Frases soos *gestreepte haaie* en die *mense wat soos mannetjies* op en af spring, terwyl de wedstryd in alle erns plaasvind. (2)